

L.M.S.

Vol. I, No. 64

MUNISIPALITEIT



MUNICIPALITY

STELLENBOSCH

28 Mei 1965.

STELLENBOSCH SE WATERPOSISIE

Ons lesers sal onthou dat daar van tyd tot tyd in hierdie rubriek na die feit verwys is dat die Stadsraad, tesame met die Afdelingsraad, die Stellenbosse Boerevereniging en ander belanghebbende groepe besig is om onderhandelings te voer met die Staat in verband met skemas vir 'n behoorlike benutting van die waters van die Eersterivier. Hierdie onderhandelings het reeds 'n paar jaar gelede begin en toe is veral klem gelê op die noodsaaklikheid dat die dorp se watervoorraad so gou moontlik aangevul moet word.

Die Departement van Waterwese was intussen nie onledig nie. In die pers is daar byvoorbeeld melding gemaak van die proefgate wat daar in Jonkershoek asook in die Klapputs-area geboor is. Dit het alles in verband met moontlike opgaardamme in daardie gebiede gestaan.

So pas het die bogenoemde partye saam met mnr. Hennie Smit, L.V., 'n onderhoud met die Sekretaris van Waterwese gehad. Dit blyk nou dat die betrokke Departement groot planne vir die bewaring van die waters van die Boland het, en die Minister van Waterwese, mnr. P. M. K. le Roux, het in 'n onlangse toespraak in die Senaat daarna verwys.

Vir die Stadsraad het tyd egter nou 'n belangriker faktor geword en sal hy onmoontlik kan wag vir die voltooiing, geheel of gedeeltelik, van die reuse skemas wat nou deur die Staat beplan word. Die Raad het dan ook op sy laaste vergadering opdrag aan sy Konsultante gegee om onverwyld te begin met die opstel van planne om ons eie watervoorraad aan te vul. Ons sal die gemeenskap op hoogte hou hieromtrent.

BRIEWE AAN DIE PERS

Daar is van ons inwoners wat van die meningskolomme van ons koerante gebruik maak om hulle standpunt ten opsigte

van een of ander dorpsaangeleentheid te stel. Dit is 'n gebruik wat ek persoonlik verwelkom omdat dit die Stadsraad enigins 'n idee gee van hoe ons mense oor bepaalde sake voel en wat daaroor gedink en gesê word.

'n Voorbeeld hiervan is die korrespondensie oor die naam van ons Museum. Ek het dit alles met groot belangstelling gelees en wil graag aan die skrywers sê dat die saak op die agenda van die Raad van Trustees, by wie dit eintlik tuis hoort, staan en hierdie liggaam sal eersdaags 'n besluit daaroor moet neem.

Daar is ook die kwessie van die voorgestelde verbreding van Van Riebeeckstraat en Jonkershoekweg. Op 2 April vanjaar het ek na hierdie aangeleentheid verwys en toe gesê dat die Raad ernstige aandag aan die vertoë wat in hierdie verband gemaak is, sal moet gee. Die Raad het dan ook op sy vorige vergadering besluit om nie met die Jonkershoekskema voort te gaan nie en die verslag van die Stadsbeplanner, wat tans hier besig is, af te wag. Die inwoners kan gerus wees dat niks gedoen sal word voordat hulle weer in die saak geken is nie.

Die posisie in verband met Van Riebeeckstraat is ietwat anders. Daar is etlike inwoners hier wat ontwikkelingsplanne het en hulle moet sekerheid veral in verband met die boulyne hê voordat daar met dergelyke skemas voortgegaan kan word. Voor die Raad is tans vier alternatiewe skemas om Van Riebeeckstraat te verbreed en dit skyn asof 'n beslissing hieroor nie uitgestel kan word nie. Twee van die voorstelle is betreklik beskeie in die sin dat daar min inbreuk op die eiendom van aangrensende eienaars gemaak word.

Ten slotte wil ek net daarop wys dat belastingbetalers ook vry is om aan die Raad of die Burgemeester te skryf oor enige saak waaroor hulle inligting wil hê. Sulke briewe sal onmiddellike aandag geniet.

4th June, 1965.

COUNCILLOR E. A. BLOMMAERT

The Council has granted Councillor Blommaert leave of absence for two months. He is undertaking an extensive tour of the Continent and will be visiting quite a number of countries. We wish him and Mrs. Blommaert a pleasant trip and a safe return.

MANY YEARS OF SERVICE

This year two of our heads of departments, still in harness, have completed twenty-five years of service with our Municipality. They are the Town Treasurer, Mr. H. J. Hendriks and the Town Engineer, Mr. J. Malan, who completed their quarter century periods on the 1st of March and the 1st of June respectively.

They have both seen great developments at Stellenbosch and have never failed to put their shoulders to the wheel. The Council at its meeting last month decided to place on record its appreciation of the work done by them.

Mr. J. H. J. van der Merwe, our Works Superintendent, has retired after thirty-three years of service. His story of achievement is an interesting one and may serve as an example for many a young man.

A PARKING GARAGE?

Who can doubt that parking is a major problem in any town that is developing? For the first time the possibility of a multi-storeyed parking garage for Stellenbosch has been seriously suggested in connection with a rebuilding and extension scheme for one of our local garages. Even if the circumstances do not justify an undertaking at this stage, a parking garage, superimposed upon an existing building, might fulfil an urgent need in the future.

GOODBYE TO BERGZICHT

The old buildings at Bergzicht have outlived their usefulness as municipal stores and workshops. The transfer of the old activities to new quarters in the "Beltana" — or to use the old name — "Patatskloof" area, is in full swing to make way for new uses — a swimming bath, a badminton hall and, last but not least — parking space.

In the Old Homestead the crèche for European children established by the A.C.V.V. is being housed temporarily but the old buildings will sooner or later have to be demolished.

THE NEW CRÈCHE FOR COLOURED CHILDREN

The new crèche on the site of the one that burnt down recently in Hammanshand was formally opened last Saturday by Mr. Volsteedt of the Department of Coloured Affairs in

the presence of a representative gathering of both European and Coloured supporters.

The new building is far more spacious and better equipped for the work than the previous one.

A grateful tribute was paid to Mrs. Keet and the members of the Crèche Committee who have been giving so much of their time in the interests of this good cause.

THIS YEAR'S INTERVARSITY

Intersarsity, once more, has come and gone without appreciably disrupting our daily routine.

Our traffic department deserves our thanks for the way in which it has handled the large number of cars.

I would also on behalf of the Council, like to extend my thanks to the South African Police and the Traffic Department of our Divisional Council for their valuable assistance on that day.

11 Junie 1965.

MNR. A. P. VENTER†

Mnr. Venter se skielike en onverwagse heengaan het vir ons gemeenskap, ja, vir die hele Kaapland as 'n groot skok gekom. Sedert hy sewe jaar gelede as lid van die Uitvoerende Komitee in beheer van Munisipaliteite geplaas is, het mnr. Venter met die sake van elke Stadsraad in Kaapland te doen gekry en het hy die meeste van hulle gedurende hierdie tyd ook persoonlik besoek. By ons jaarlikse Munisipale Kongresse was mnr. Venter 'n bekende en gewilde figuur; altyd vriendelik, maar reguit en beslis, so het ons hom daar leer ken.

Dit is onnodig om na sy rol hier op Stellenbosch te verwys, waar hy op soveel terreine diep spore getrap het. Dit sal voorwaar nie maklik wees om sy plek te vul nie.

Aan mev. Venter en haar kinders wil ons ons diepste meegevoel oorbring. Die gemeenskap treur saam met hulle. Vir Andries Venter sal ons nie gou en maklik vergeet nie.

BEHANDELING VAN STOKERY-AFVLOEISEL

In my rubriek van 9 April vanjaar het ek na hierdie saak verwys en melding gemaak van die eksperiment wat so pas hier aan die gang gesit is deur die Nasionale Instituut vir Waternavorsing in samewerking met die Stadsraad. Dit kom kortliks daarop neer dat die stokery-afvloeiing in 'n sekere

verhouding met die huishoudelike rioolslyk gemeng en so ver-
teer word sonder al die onplesierige gevolge wat met die huidige
behandeling gegaar gaan.

Die eerste stadium van hierdie eksperiment is so pas
voltooi en van dr. G. G. Cillié, amptenaar-in-beheer van die
Kaapse Streeklaboratorium van bogenoemde Instituut is 'n
verslag daarvoor ontvang. Met groot blydskap en tevredenheid
kan ek hier sê dat die proefneming 'n volslae sukses was en dat
dit wil voorkom asof ons uiteindelik op pad na 'n algehele
oplossing van hierdie jarelange probleem is, een waarmee nie
net ons nie, maar ook ander Bolandse dorpe waar daar gepars
word, reeds lank worstel. As dit enige troos sal bring, kan
ek net noem dat die wynlande in Europa, net soos ons, opge-
skeep sit met die moeilikheid.

Die Stadsraad sal die genoemde Verslag op sy volgende
vergadering behandel en sal oor sy verdere optrede moet be-
sluit. Intussen word die eksperiment voortgesit totdat die
stokery-bedrywighede vir die jaar afgehandel is. Ek moet
daarop wys dat die huidige rioolwerke slegs 'n deel van die
wynafvloei kan behartig en voordat ons daaraan kan dink
om die hele afloop so te behandel soos tans op eksperimentele
grondslag gedoen word, sal belangrike uitbreidings by die
uitvalwerke aangebring moet word.

Graag wil ek reeds op hierdie vroeë stadium my geluk-
wensing aan dr. Cillié oorbring vir die welslae wat behaal is en
saam met hom noem ek ook ons eie ingenieurs, asook ons kon-
sultante, mnre. A. Abbott en H. C. Blersch. Die bemoedigende
resultate is die gevolg van goeie spanwerk tussen hierdie here.

STELLENBOSCH WEN DIE STAATSPRESIDENT SE PAD- VEILIGHEIDSTROFEE

Al het ons nog geen regstreekse offisiële mededeling ont-
vang nie, glo ek tog dat ons die inhoud van die pers- en radio-
berigte kan aanvaar dat Stellenbosch die wenner is in groep
B. van die Tussen-Stedelike Kompetisie om die Staatspresident
se Padveiligheidswisseltrofee. Die verskillende stede word
ooreenkomstig hulle aantal motorvoertuie in drie groepe A, B
en C verdeel.

Stellenbosch het daarin geslaag om sy ongelukke getal
in 1964 met 2,895 vir 10,000 voertuie te verminder in verge-
lyking met 1963.

Dit is baie goeie nuus en ek hoop dat ons ook in die
toekoms sulke goeie resultate sal behaal.

Ek wens ons Verkeersdepartement geluk met die prestasie, maar tegelykertyd wil ek ook my waardering uitspreek teenoor die reisende publiek wat deur bedagsaamheid en versigtige optrede op die paaie en deur strenge nakoming van verkeersreëls, gehelp het om hierdie verblydende vermindering in ons ongeluksyfer teweeg te bring.

18 June, 1965.

ACCOMMODATION OF BANTU DOMESTIC SERVANTS ON PRIVATE PREMISES

Since 1942 the Council has had regulations dealing with the licensing of accommodation of Bantu employees on private premises in the Urban Area of Stellenbosch.

The accommodation of domestic servants, however, was not subject to licensing provided that the building to be used was approved by the Urban Local Authority as being fit for human habitation.

The Department of Bantu Administration and Development has now informed the Council that as from 1st July, 1965, an amendment of Bantu Urban Areas Consolidation Act will come into force, in terms of which no occupier, lessee or owner of private premises in an Urban Area will be allowed to accommodate more than one bona fide domestic servant on such premises. In the event of any person wanting to accommodate more than one bona fide domestic servant a licence to do so must be obtained from the local authority.

The Minister has also directed that when local authorities deal with applications for licences to accommodate bona fide domestic servants on private premises, factors such as the vicinity of the location in relation to the places of employment and availability of transport must be considered before a licence is granted.

The Minister may of his own accord or on representations by the Council withdraw by proclamation the right to accommodate even one Bantu domestic servant, in which case all Bantu domestic servants will have to reside in the location.

Special attention is drawn to the fact that it is illegal for any person to accommodate any dependant or dependants whatsoever of a bona fide domestic servant on any private premises in the urban area.

IDAS VALLEY GOES AHEAD

Great changes are taking place at Idas Valley, mainly in the areas to the north and east of the old township. Many

who may still remember the fine "Pear Orchard" which used to be part of the farm Idas Valley would hardly believe their eyes if they saw what has happened there. First the western part was set aside for school sites and subsequently a layout was prepared for the remainder of the site which had been earmarked for sports grounds.

At present levelling of the ground is going on on a large scale. Heavy machinery is being used and I sympathise with the residents in the neighbourhood who have complained about the noise. The inconvenience, however, is unavoidable and cannot last very much longer. When the work is done, Idas Valley will have a great amenity and attraction.

On the eastern outskirts the largest housing scheme, going by numbers of units, which the Council has as yet undertaken, is rapidly gaining shape; it will add 168 houses to those already built in connection with the earlier schemes.

At the corner of Protea Street and Helshoogte Road the first hotel to serve the Coloured community at Stellenbosch which was planned quite a while ago, is now being built. It will, I know, meet a genuine need.

Furthermore, it appears that there are moves afoot to provide places of amusement for residents, bioscopes and a dance hall having been suggested.

But the most interesting development is probably the fact that the Management Committee for the Group Area has been functioning for some six months and appears to be getting into its stride. It is formulating the problems for discussion and submission to the Town Council. I am confident that this will be all to the good and will, with the good relationships which exist, bear good fruit.

THE RIVERS OF THE WESTERN CAPE

The National Water Research Institute which has taken the research work connected with the disposal of distillery effluents under its wing is conducting a survey of the rivers of the Western Cape with special reference to pollution, epidemiology and use potential.

Such surveys, so Dr. G. G. Cillié who is in charge of Cape Regional Office of the Institute explains, are not only undertaken to trace and combat pollution, but mainly to find facts which will ensure that the water is used to the best advantage. One of the main purposes is to establish the degree to which the rivers are capable of purifying themselves after pollution has taken place and how far their water can be used, not only

for human consumption but also for agricultural and other purposes.

One problem for instance is the gradual mineralisation of water which could make it unfit for use in connection with the growing of crops.

The rivers are our primary sources of water supply and nothing can possibly be left undone to preserve them. The Council has resolved to appoint the Chairman of Public Works Mr. E. S. Swart and the Town Engineer to serve on a Steering Committee which it is proposed to establish in connection with this important matter.

W. C. DEMPSEY.